

## 24 Mei 1 Tessalonisense 4:13 -18

(Teks: 4: 16)

### ***Die nuwe hemel en nuwe aarde***

Wanneer almal wat deur Jesus Christus gered word ingegaan het na die voltooide plekke, breek die 'later' aan (*Joh. 13:36b*). Dit is die oomblik wat die stem van die aartsengel en die basuin van God sal weerklink. Dan kom die Here Jesus weer na die aarde toe. Die vredesryk van God is nou daar in "heerlikheid wat die oog nie gesien het en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekome het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet" (*7 Kor. 2:9*).

Die werk van Jesus Christus sal dan voltooi wees. Die Koningskap wat die Vader aan Hom gegee het, gee Hy dan weer terug aan die Vader want al sy vyande sal dan aan Hom onderwerp word deur sy Vader. "Die laaste vyand" is nou vernietig (*7 Kor. 15:24-26*).

*"Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly, en God self sal by hulle wees as hulle God"* (*Openb. 21:3*).

Nou is al God se kinders tuis.

Sing Skrifberyming 45:3,8,12

Ds. G. du Plessis (Emeritus)